CCPS CENTER FOR CHEMICAL PROCESS SAFETY
An AIChE Industry Technology Alliance

# Process Safety Beacon

http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx
Messages for Manufacturing Personnel

Sponsored by CCPS Supporters

## Hoe kan ek "The Beacon" gebruik?

Februarie 2008







Die behoud van 'n sin vir kwesbaarheid is 'n sleutel aspek van 'n goeie proses veiligheids kultuur in enige organisasie. Ons moet altyd onthou en respekteer dat ons met gevaarlike prosesse en materiale werk. Een van die resultate van goeie en effektiewe prosesveiligheids bestuurssisteme is juis dat ons minder ongelukke sal hê. Oppas vir onverskilligheid – ons vergeet soms hoekom ons al die aktiwiteite van 'n prosesveiligheids bestuurstelsel doen, en ons vergeet van die stelsel se bydrae tot goeie veiligheids prestasie en minder of geen veiligheidsinsidente. Daarom is dit belangrik om bronne soos "The Beacon" te gebruik om ons gedurig te herinner wat verkeerd kan gaan as ons nie sulke bestuurs-sisteme het nie. Bestuurssisteme kan insluit programme soos Proses Risiko Identifikasie en Risiko Analise (wat insluit dat die mees kundige mense vir hierdie studies beskikbaar gemaak word), Bedryfsprosedures, Aanleg Integriteit en Betroubaarheid, Bestuur van Verandering, Nooddienste, Insident Ondersoeke, Ouditprosedures en andere. Al die insidente wat ons bespreek in "The Beacon" is as gevolg van die faling van een of meer van hierdie belangrike prosesveiligheids bestuurssisteme.

## Het jy geweet?

- Byna alle insidente is die gevolg van meer as een faling. Sommige falings veroorsaak 'n byna-ongeluk – dit het nie die keer gebeur nie, maar kon, as omstandighede net effens anders was.
- "The Beacon" ontvang byna elke maand E-pos van nog lesse wat uit die spesifieke insident geleer kan word, wat nie in "The Beacon" bespreek is nie.
- As gevolg van beperkte spasie in "The Beacon" fokus ons op een les wat geleer kan word, maar daar is altyd meer.
- Waar openbare verslae oor insidente beskikbaar is, gee ons waar moontlik verwysings in die E-pos waarin "The Beacon" uitgestuur word.

## Wat kan jy doen?

- Goed - Sit "The Beacon" op plekke waar mense dit kan lees, soos byvoorbeeld kennisgewingborde, eetplekke, kleedkamers, beheerkamers en ingangshekke.
- Beter – gebruik "The Beacon" as 'n basis vir bespreking by veiligheidsvergaderings of veiligheidsbesprekings met aanleg operateurs en ander werkers.
- Nog beter – Ontwikkel ondersteunende en addissionele inligting wat die onderwerp in "The Beacon" in verband bring met wat in jou fabriek gebeur. Gebruik soortgelyke insidente en amper-insidente en bespreek dit met werkers.
- Beste – Aanlegbestuur lei 'n bespreking van "The Beacon" met werkers en daag hulle uit om ander lesse uit die insident te haal. Daag aanleg veiligheids komitees uit om "The Beacon" in hulle werk te gebruik.

***Leer uit ander se foute!***

AIChE © 2008. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for the purpose of resale by anyone other than CCPS is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 212-591-7319

**The Beacon is usually available in Arabic, Chinese, Danish, Dutch, English, French, German, Gujarati, Hebrew, Hindi, Hungarian, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Persian, Portuguese, Russian, Spanish, Swedish, and Thai.**